# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 297 · 24 MAART 2023

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## FRAMESBY SE ISTE SPANNE SKITTER BY VERSKEIE WEDSTRYDE/TOERNOOIE



### ISTE NETBALSPAN

Spar Madibaz Netbal Toernooi 2023 - Kampioene, A Reserwes

### ISTE DOGTERS HOKKIESPAN

**Onoorwonne by Gregg Belling fees!**



## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 25 MAART**
Mari Geissler
Vharline Jeule
Corne Meyer

**SONDAG • 26 MAART**
Juffrou D. Roberts
Sebastian Barnard
Wiandre Venter

**MAANDAG • 27 MAART**
Ane Botha
Lenne Carlson
Clarisse Koch
Chene Marais
Jenske vd Merwe

**DINSDAG • 28 MAART**
Hayley Bagley
Nathan Deysel
Alexia Meiring
Josh Nel
Chandre van Eck

**WOENSDAG • 29 MAART**
Stefan Jooste
Leane Meyer
Shanelle Minnie

**DONDERDAG • 30 MAART**
Judri Claassen
Michael Jacobs
Elri van Rensburg
Juandre vn Zyl

**VRYDAG • 31 MAART**
Jaiden Brewis
Marco Stroebel
Mine Stroebel
Emil Viljoen
Kaylee-Jay Witbooi


HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

# O/19A A-RESERWE WENNERS!!

NETBAL UITSLAE: NMMU 17-19 MAART 2023

B-Liga

o.16A Kingswood A 16-8 Wen

Hope4 kids 19-6 Wen

DSG 21-3 Wen

Pearson klub 10-17 Verloor

Panthers Kwano Klub 17-11 Wen

Framesby Klub 19-11 Wen

Young Killers Forfeit Wen

Semi finaal teen Moonlight Stars Klub 14-17 Verloor

A-Reserwe Liga

o.17A Framesby HS 1 28-2 Verloor

Falcons 13-10 Wen

Madibaz 13-9 Wen

DSG 8-6 Wen

G-Force 9-19 Verloor

UFH Teddies 10-8 Wen

A-Reserwe Liga

o.19A Framesby H2 28-2 Wen

DSG 22-11 Wen

Falcons 15-6 Wen

Madibaz 19-3 Wen

G-Force 19-13 Wen

UFH Teddies 16-17 Verloor

Speel in Finaal teen UFH Teddies 16-12 Wen

Algehele wenners van A-Reserwe Liga






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# RUGBYUITSLAE:

Kirkwood sportdag • Rugbyuitslae:

Framesby vs Muir
0/14 B wen 48-0
0/14 A wen 43-0
0/15 B wen 42-0
0/15 A wen 29-3
0/16B verloor 10-5
0/16 A wen 26-9
2des verloor 7-15
1stes wen 19-0








# HOKKIEUITSLAE:

1ste Span Hokkie Gregg Belling Fees:
Dogters
Framesby vs Montana 2-0 Wen
Framesby vs Lillyfontein 10-0 Wen
Framesby vs GHS 3-0 Wen
Framesby vs Waterstone 3-0 Wen

Seuns
Framesby vs Stirling 0-8 verloor
Framesby vs Montana 0-4 verloor
Framesby vs Selborn 0-10 verloor
Framesby vs Waterstone 1-4 verloor

0/16 dogters:
Pearson Hokkiefees
DSG U/16b: 0- 0
Kingswood: 3 - 0 verloor
Pearson: 5 - 0 verloor
Union High: 2 - 0 verloor
Woodridge: 3 - 0 verloor
VP: 1 - 0 wen





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# 3 LEERDERS IN OOS-KAAP SKOLE SWEMSPAN OPGENEEM

Die volgende dogters is opgeneem in die Oos-Kaap Skole Swemspan om by SA's deel te neem.

Chloe Steyn
Teegan Pio
Kaitlynne Horne

Baie geluk julle.  Ons is baie trots op julle



# GHOLFUITSLAE:

Die Framesby Gholfers het 18-19 Maart aan die Royal Port Alfred EP Schools Toernooi deelgeneem. Ons twee spanne het altwee dae 18 gate gespeel op Royal Port Alfred Gholfbaan. Die A-span het 5de in hulle divisie geëindig en die B-span 7de in hulle divisie. Die kinders het dit baie geniet. Reynard Jansen (graad 9) het sy eerste eagle gekry en Michael Jacobs het ook sy eerste 90 gebreek. Framesby se twee beste spelers op die toernooi was Jeandré Hattingh en Ruan Oosthuizen.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY HOKKIE

## AKADEMIE

## GRAAD 4 - 7

**DONDERDAE, 16:30 - 17:30**

**23, 30 MAART 2023**
**20, 27 APRIL 2023**
**04, 11 MEI 2023**




**Bespreek jou plek by Jordan Drury - jdrury@framesby.co.za**

DIE HANGER

PLAAS JOU BESTELLING NOU
BESKIKBAAR EINDE APRIL




Groot Sportsak
**R380.00**





Kossakkie
**R220.00**

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: ELKE GERBER







**Die mooiste?** Gaan een van dié leerlinge as Mej. Framesby gekroon word? Van links is Antonelle Grobler, Nicole Kruton en Elke van der Touw, al drie sewentien jaar oud. Mnr. en Mej. Framesby word aanstaande Woensdagaand op 'n spoggeleentheid aangewys.

*Elke Gerber*

Julle gaan my mengelmoes van taal hier moet verskoon! Ek is met 'n Engelse Gerber getroud en goeie genugtig, ek is skoon skaam om Afrikaans as my huistaal neer te sit op 'n aansoekvorm.
Ek weet Juffrou Jordaan se tone sal nou omkrul as sy hierdie "opstel" lees! LOL.

Nou ja... Dis 1993 toe ek Standerd 6 begin en deur die hekke van Framesby Hoërskool loop – net soos my susters voor my gedoen het. Eers Claudia, toe Sharmaine en Robyn was daardie jaar in matriek. Die laaste twee van der Touwtjies was my broer, Case en sussie Casey. (Yip - you got it...6 kinders)

Daar staan ek toe by die hekke van die snoepie se ingang - regs van die skyfskietbane. Ek kyk voor my na die groot rugbyveld en die reuse paviljoen aan die regterkant. Ek wil daar gaan wegkruip, dink ek.

My rok was so lank dat dit letterlik op my enkels gehang het en ek het gelyk asof ek verdrink in my skoolbaadjie. My nuwe skoolskoene maak my hakke seer en my Billabong sak is so groot en swaar, mens sou sweer ek gaan by die skool intrek om te bly.

My hare is in die groeifase tussen die 90's "boy's step cut" styl en omdat jou kuif nie aan jou wenkbroue mag geraak het nie, moes ek dit met maklik 10 haarknippies vasknip.
Ek was baie skaam en maar net 12 jaar oud toe ek met standerd 6 begin het. Die ontgroeningreëls was om 'n swartsak te dra, 'n naambordjie en 'n fopspeen te suig. (Ek glimlag eintlik nou so lekker soos ek daaraan terugdink).

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

En soos my geluk dit sal bring, kry ek vir Ronnie Fourie – hoofseun daardie jaar, om my ontgroening te doen. Foeitog, hy was eintlik regtig nice met my, maar sjoe – die toutjie kou en “hardegat word sag” waar jy jou boude teen die muur moet stamp terwyl jy die rympie skree, was nou nie vir my die hoogtepunt van my hoerskool loopbaan nie.
Die eerste paar weke is mos verskriklik deurmekaar, toe het ek maar gedoen wat ek die beste doen en my voete probeer vind by iets wat ek ken en van hou.
Ek het OP Kinderkoor gesing en ek het vinnig myself in die Cantare koor ingekry. Ek onthou hoe ek desperaat was om in Juffrou Lamprecht se koor te kom. Die stories van die gesogte oorsese toere het my so aangegryp dat ek nie kon wag om in die “groot koor” te kon sing nie. Sy het ongelukkig die skool verlaat en die UPE koor gaan afrig as ek reg kan onthou, maar sy is deur die fantastiese Zeta Strydom vervang en she was fabulous beyond! Dis waar ek geleer het dinamiet kom in klein pakkies! Sy was ook my klavier onderwyseres.

Ek was mal oor die CSV kampe en kringleier-groepies wat ons kon bywoon. Ek dink nie dit word nog aangebied in skole deesdae nie?

Akademie was nie my sterkpunt nie, so ek het gelewe vir my sport! Enige iets wat ek kon doen het ek gedoen - netbal, atletiek, tennis, landloop en dames krieket. Ek was nie 'n trompoppie meisie nie. Eerder 'n drilbataljon meise en ek kon nie wag om in die oggend voor skool ons roetines te oefen nie. Framesby was uitstekend met die verskeie sporte en buitemuurs aktiwiteite wat hulle aangebied het.

Daar was goeie en hartseer tye tydens my skoolloopbaan en in standerd 8 of 9 het ons drie selfmoorde gehad. Dit was 'n hartseer en deurmekaar tyd vir ons as skoliere en ek onthou daardie leerlinge nog steeds baie goed tot vandag. Gone but never forgotten.

Fast forward 'n paar jaar tot 1997 - die jaar wat ek gematrikuleer het. Ek dien op die leerlingraad en voorsitter van die liefdadigheidskomitee. Ek was 1ste prinses vir Mejuffrou Framesby in 1996 en toe besluit ek om die kroon te gaan haal in 1997. 'n Goeie vriend van my het altyd gesê "Aanhouer wen”.

Vandag is ek nog steeds getroud met my lewensmaat, Bruce - ons het twee pragtige kinders, Nicolas (20) en Annebelle (16) en woon in Midstream, Gauteng. Ek het nou nie 'n doktor of iets geword nie, maar ek dink dat ek nogal goed gedoen het met my lewe na skool en ek is trots op my prestasies wat ek behaal het.
In 2005 was ek 1ste prinses vir Mev. Port Elizabeth. Robyn (my suster) het gewen. Ek is gekies as finalis vir Mev. Suid-Afrika in 2006 en het weggeloop met die titel vir Mev. Oos-Kaap. Ek het ook langs die pad Kitchen Maestro gewen by Walmer Park in 2012 en ek was by die Master Chef Hot Auditions in 2013. Ek was daardie jaar ook as Queen of Port Elizabeth gekroon - what a title LOL.
Ek geniet nog steed my sport en het ook 'n paar half marathons al in my lewe gedoen. Dis waar ek gereeld vir Juffrou Bence en Juffrou Swart langs die pad gekry het. Hulle het my so gemotiveer en inspireer. Ongelukkig, weens beserings, kan ek nie meer lang afstande hardloop nie, maar ek geniet my gholf, yoga en gaan stap met my Belgiese skaaphond, Jet.

Daar is so baie herinneringe wat deur my kop gaan soos ek skryf en te veel mense om te noem, maar die volgende is 'n paar wat uitstaan;

• Meneer Meintjies - wat soos ‘n spook uit die niet verskyn het in die gange en dan my ‘n berisping gee as ek nie my baadjie gedra het nie. Daai woorde kan ek nog agter my hoor; “Waar is jou baadjie, noointjie’.
• Meneer Rooibaard van Zyl in Aardrykskunde wat altyd die sonskyn net helder laat skyn met sy vriendelik lag.
• Meneer van Zyl wat tennis afgerig het. A gentleman of note.
• Meneer O’Reily met sy Uno wat ons matriekseuns tot op die rugbyveld gaan dra het. En ek dink nie eens hy was kwaad daaroor nie!
• Die liefste en dierbare Meneer Saunders, wat altyd ‘n liedjie gesing het terwyl ons in sy Engelse klas ingestap het. Hy het my ‘n noemnaam van “AlkaZalser” gegee en het vir ons na elke klas daai gesiggie lekkers gegee .
• Juffrou Landman - Ek het Xhosa regdeur tot matriek geneem en arme Juffrou Landman moes na al my dramas en liefdesteleurstellings luister. En dan was daar natuurlik haar heerlike fudge, sjokolade grondboontjie en rosyntjie lekkers om te koop.
• Juffrou Olivier - wat so gaaf was om vir my na skool met ekstra Wiskunde klasse te help. As dit nie vir haar was nie, weet ek nie hoe ek dit sou maak nie! Sy was so geduldig met my en dit is die klein dingetjies in die lewe wat mens onthou. Sy het in my geglo en daarom het ek soveel beter presteer.
• Juffrou Kennedy-Good- Ma'am! What a pleasure it was to have a wonderful English teacher like her! Dit was so ’n treat om Dead Poets Society in haar klas te kyk!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek het regtig later begin dink dat daar was 'n beleid by Framesby was om net die mooiste en gaafste juffrouens aan te stel.

Almal was so mooi en natuurlik kon ek nie wag om elke dag te sien wat die onderwyseresse aantrek vir die dag nie. Ek was altyd mal oor klere, skoene en mode! Almal se grimering, hare, naels en skoene was eerste klas! Juffrou Swart, Juffrou Bence. Juffrou Landman en Juffrou Jordaan... geklee asof hulle nou net van die modeplank afgekom het! I loved it!

Ek dink nie daar is genoeg spasie hier vir alles en almal om neer te sit op papier nie - ek dink ek het reeds my spasie oorskry. As ek iemand uitgelaat het... dui dit aan vir my in die comments hieronder asseblief. My geheue is nie meer so goed soos dit was op 17 nie! Weet asseblief dat elkeen en almal baie spesiaal vir my was en nog steeds is!


So, om te eindig...wil ek dankie sê aan Hoërskool Framesby - die onderwysers en leerlinge wat 5 jaar deel was van my lewe en dit help vorm het. Treasure every moment and memory of it :)









SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ALUMNI SAMEKOMSTE 2023:

**10 Junie:** Kaapstad (lokaal sal teen einde Januarie 2023 bevestig word)
**17 Junie:** Affies,1920 Restaurant, Pretoria
**12 Augustus:** Framesby, Port Elizabeth (Sportnaweek teen Marlow)
**9 September:** Oubaai Golf Estate, George
**16 September:** Bains Lodge, Bloemfontein

Moet dit nie misloop nie! Dagboek solank die bogenoemde datums.



# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

mobilities
COMMUNICATIONS SOLUTIONS

# Uncapped Internet

## Voice + Data Contracts

041 363 1818

WIRELESS AIR
WIRELESS
LTE
FIBRE

Shop 28B, Sunridge Village Shopping Centre,
Kragga Kamma Road, Sunridge Park. 6001 Port Elizabeth

Terms and Conditions Apply

Further together
vodacom